BUITENGEWONE

OFFISIËLE KOERANT

VAN SUIDWES-AFRIKA

OFFICIAL GAZETTE

EXTRAORDINARY

OF SOUTH WEST AFRICA

UITGAWE OP GESAG — WINDHOEK — PUBLISHED BY AUTHORITY

30c — Vrydag 12 November 1982 — Friday 12 November 1982 — No. 4701

INHOUD:

Bladsy

PROKLAMASIE

No. AG. 25 Verklaring van Tseiblaagte tot goedgekeurde dorp 1

CONTENTS:

Page

PROCLAMATION

No. AG. 25 Declaration of Tseiblaagte to be an approved township 1

PROKLAMASIE

van die

ADMINISTRATEUR-GENERAAL VIR DIE GEBIED SUIDWES-AFRIKA

No. AG. 25 1982

VERKLARING VAN TSEIBLAAGTE TOT GOEDGEKEURDE DORP

Kragtens die bevoegdheid my verleen by artikel 13 van die Ordonnansie op Dorpe en Grondverdeling 1963 (Ordonnansie 11 van 1963) verklaar ek hierby die gebied Tseiblaagte voorgestel op Algemene Plan A329/79 (T91) tot goedgekeurde dorp, en sit die voorwaardes ingevolge waarvan die aansoek om verlof tot stigting van die betrokke dorp toegestaan is, in die Bylae uiteen.

D.J. HOUGH
Administrateur-generaal Windhoek, 29 Oktober 1982

BYLAE

STIGTINGSVOORWAARDES

NAAM VAN DORP

1. Die dorp heet Tseiblaagte.

PROCLAMATION

by the

ADMINISTRATOR-GENERAL FOR THE TERRITORY OF SOUTH WEST AFRICA

No. AG. 25 1982

DECLARATION OF TSEIBLAAGTE TO BE AN APPROVED TOWNSHIP

Under the powers vested in me by section 13 of the Townships and Divisions of Land Ordinance, 1963 (Ordinance 11 of 1963), I hereby declare the area Tseiblaagte represented by General Plan A329/79 (T91) to be an approved township, and set forth in the Schedule the conditions subject to which the application for permission to establish the township concerned has been granted.

D.J. HOUGH
Administrator-General Windhoek, 29 October 1982

SCHEDULE

CONDITIONS OF ESTABLISHMENT

NAME OF TOWNSHIP

1. The township shall be called Tseiblaagte.

SAMESTELLING VAN DORP

2. Die dorp bestaan uit 188 erwe genommer 1 tot 187 en 189, een oop ruimte genommer 188 en strate soos aangedui op Algemene Plan A329/79 (T91).

GERESERVEERDE ERWE

3. (1) Erf 186 word vir die Staat gereserveer vir onderwysdoeleindes.

(2) Erwe 171, 177 tot 182 en 189 word vir doeleindes van die plaaslike bestuur gereserveer.

TITELVOORWAARDES

4. Die volgende voorwaardes moet ten gunste van die plaaslike bestuur teen die titelbewyse van die erwe hieronder genoem geregistreer word:

A. ALGEMENE VOORWAARDES TEN OPSIGTE VAN ALLE ERWE BEHALWE DIE ERWE GENOEM IN PARAGRAAF 3 HIERBO:

(1) Op die erf mag nie na water geboor of gegrawe word nie.

(2) Geen melkery, stal, koeistal, abattoir, varkhok, bakkery, worsfabriek of enige hinderlike bedryf hoegenaamd, mag op die erf aangebring of bedryf word nie.

"Hinderlike bedryf" beteken vir die doeleindes van hierdie paragraaf enigeen van die besighede, bedrywe, werke of inrigtings vermeld in regulasie 1(a) van die Regulasies afgekondig by Goewermentskennisgewing 141 van 10 November 1926, soos gewysig.

(3) Niemand mag sonder die toestemming van die plaaslike bestuur enige stene, teëls, erdewerkpype of enige artikels van 'n soortgelyke aard vir enige ander doel hoegenaamd as die oprigting van 'n gebou op die erf, op die erf of enige deel daarvan maak of laat maak of toelaat dat dit vir so 'n doel aldus gemaak word nie.

(4) Geen beeste, skape, varke, bokke, bobbejane, ape, roofdiere of trekdiere mag op die erf aangehou word nie.

(5) Die natuurlike vloei van vloedwaterlope oor die erf mag nie sonder goedkeuring van die plaaslike bestuur versteur word nie.

COMPOSITION OF TOWNSHIP

2. The township shall comprise 188 erven numbered 1 to 187 and 189, one open space numbered 188 and streets as indicated on General Plan A329/79 (T91).

RESERVED ERVEN

3. (1) Erf 186 is reserved for the State for educational purposes.

(2) Erven 171, 177 to 182 and 189 are reserved for the purposes of the local authority.

CONDITIONS OF TITLE

4. The following conditions shall be registered in favour of the local authority against the title deeds of the erven mentioned hereunder:

A. GENERAL CONDITIONS IN RESPECT OF ALL ERVEN EXCEPT THE ERVEN MENTIONED IN PARAGRAPH 3 ABOVE:

(1) It shall not be permissible to drill or excavate for water on the erf.

(2) No dairy, stable, cowshed, abattoir, piggery, bakery, sausage factory or any offensive trade whatsoever shall be established or conducted on the erf.

For the purposes of this paragraph "offensive trade" shall mean any one of the businesses, trades, works or establishments mentioned in regulation 1(a) of the Regulations promulgated by Government Notice 141 of 10 November 1926, as amended.

(3) No person shall without the permission of the local authority for any purpose whatsoever other than the erection of a building on an erf, make, or cause or allow to be made, any bricks, tiles, earthenware pipes or any articles of a like nature on such erf or any part thereof.

(4) No cattle, sheep, pigs, goats, baboons, monkeys, beasts of prey or draught animals shall be kept on the erf.

(5) The natural flow of storm water courses over the erf shall not be disturbed without the approval of the local authority.

(6) Geen geboue of strukture of enige deel daarvan (behalwe grensmure, omheinings, brandmure en spoorlyne), na gelang van die geval, mag binne 5 meter van enige straatgrens of binne 3 meter van enige ander grens van die erf opgerig word nie.

Vir die doeleindes van hierdie paragraaf is 'n "straatgrens" enige grens van 'n erf gemeenskaplik met 'n straat.

B. BYKOMENDE VOORWAARDES TEN OPSIGTE VAN ERWE 1 TOT 166, 168 TOT 170, 172 TOT 176, 183 EN 184

(1) Die erf mag slegs vir woondoeleindes gebruik word en slegs een woonhuis, ontwerp vir bewoning deur slegs een gesin, tesame met die nodige buitegeboue en toebehore mag daarop opgerig word. Die woonhuis en buitegeboue moet gelyktydig opgerig word en die bouwaarde van die woonhuis, buitegeboue uitgesluit, moet minstens R8 000,-00 wees.

(2) Geen gebou van meer as twee verdiepings, grondverdieping ingesluit, mag sonder die toestemming van die plaaslike bestuur op die erf opgerig word nie.

C. BYKOMENDE VOORWAARDES TEN OPSIGTE VAN ERF 167:

(1) Die erf mag slegs vir 'n hotel en aanverwante doeleindes gebruik word en slegs een hoofgebou, tesame met die nodige buitegeboue mag op die erf opgerig word. Die bouwaarde van die hoofgebou moet minstens R50 000,00 wees.

(2) Buitegeboue of woonkwartiere wat op die erf opgerig word vir werknemers mag slegs deur *bona fide* werknemers wat hul dienste werklik en uitsluitlik op die erf lewer, bewoon word.

(6) No buildings or structures or any portion thereof (except boundary walls, fences, fire walls and railway lines), as the case may be, shall be erected within 5 metres of any street boundary or within 3 metres of any other boundary of the erf.

For the purposes of this paragraph a "street boundary" shall be any boundary common to a street and an erf.

B. ADDITIONAL CONDITIONS IN RESPECT OF ERVEN 1 TO 166, 168 TO 170, 172 TO 176, 183 AND 184

(1) The erf shall be used for residential purposes only and only one dwelling-house, designed for occupation by one family only, together with the necessary outbuildings and appurtenances shall be erected thereon. The dwelling-house and outbuildings shall be erected simultaneously and the building value of the dwelling-house, outbuildings excluded, shall be at least R8 000,00.

(2) No building of more than two storeys, ground floor included, shall be erected on the erf without the permission of the local authority.

C. ADDITIONAL CONDITIONS IN RESPECT OF ERF 167:

(1) The erf shall be used for a hotel and related purposes only and only one main building, together with the necessary outbuildings shall be erected on the erf. The building value of the main building shall be at least R50 000,00.

(2) Outbuildings or living quarters which may be erected on the erf for employees, shall be occupied by *bona fide* employees who actually and exclusively render their services on the erf only.